



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

MUSIEK V2

NOVEMBER 2019

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 30

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 15 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

AFDELING A: Gehoor (10)
AFDELING B: Herkenning (12)
AFDELING C: Vorm (8)
2. VRAAG 1, VRAAG 2, VRAAG 3 en VRAAG 7 is VERPLIGTEND.
3. Beantwoord VRAAG 4 (Westerse Kunsmusiek (WKM)) of VRAAG 5 (JAZZ) of VRAAG 6 (Inheemse Afrika-musiek (IAM)).
4. Skryf AL jou antwoorde op hierdie vraestel. Gebruik 'n potlood vir musieknotasie en blou of swart ink vir die ander antwoorde.
5. Hierdie eksamen sal afgelê word terwyl die kandidate na 'n CD luister.
6. Die musikonderwyser van die sentrum moet die eksamen in die teenwoordigheid van die toesighouer afneem.
7. Die laaste bladsy van hierdie vraestel is manuskrippapier wat vir rofwerk bedoel is. Die kandidaat MAG NIE hierdie bladsy verwyder NIE.
8. Kandidate mag vir die duur van hierdie eksamen NIE toegang tot enige musiekinstrument hê NIE.
9. Kandidate moet op die puntetoekenning by elke vraag let om genoeg inligting in hulle antwoorde te verskaf.
10. Skryf netjies en leesbaar.

Nota aan die nasiener: Kandidate moet krediet ontvang vir enige korrekte antwoorde wat nie in hierdie nasienriglyne voorkom nie.

AFDELING A: GEHOOR

VRAAG 1

1.1 Luister na die melodiese en ritmiese frase. Noteer die ritme van die ontbrekende note in mate 2–3 hieronder.

Antwoord:

1/2 1/2 1/2 1/2

1/2 punt per polsslag soos aangedui = 2 punte

(2)

1.2 Watter EEN van die notasies hieronder stel die fluitparty die beste voor? Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

Antwoord:

(a)		<input type="checkbox"/>
(b)		<input checked="" type="checkbox"/>
(c)		<input type="checkbox"/>

(1)
[3]

VRAAG 2

Luister na die uittreksel hieronder. Beantwoord die vrae wat volg.

- 2.1 Gee 'n gepaste Italiaanse term om die tempo van die musiek in die uittreksel hierbo te beskryf.

Antwoord: Largo/Larghetto/Adagio/Lento/Grave (1)

- 2.2 Identifiseer die komposisietegniek wat by 2.2 gebruik word.

Antwoord: Sekwens/Ritmiese herhaling (1)

- 2.3 Noem die kadens wat by 2.3 gevorm word.

Antwoord: Onvolmaakte kadens (1)

- 2.4 Die notasie van maat 3 is by 2.4 op die partituur weggelaat. Vul die ontbrekende toonhoogtes en nootwaardes, wat met die musiek ooreenstem, in.

Antwoord:

Korrekte toonhoogtes en ritme (1 punt per polsslag) = 2 punte
Korrekte toonhoogtes of ritme alleen (½ punt per polsslag)

(2)

- 2.5 Noem die interval wat tussen die gegewe noot en die ontbrekende noot by 2.5 gevorm word.

Antwoord: Rein 4^{de}

(1)

- 2.6 Watter tipe nie-akkoordnoot is by 2.6 weggelaat?

Antwoord: Antisipasie/Vooruitneming

(1)

[7]

TOTAAL AFDELING A: 10

AFDELING B: HERKENNING VAN MUSIEKKONSEPTE**VRAAG 3: ALGEMENE BELUISTERING (VERPLIGTEND)**

Nota aan die nasiener: Indien 'n kandidaat meer items aandui as wat gevra word, word slegs die eerste korrekte getal antwoorde nagesien.

- 3.1 Dui DRIE items in KOLOM A aan wat jy assosieer met die musiek in Snit 7. Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies.

Antwoord:

KOLOM A	ANTWOORDE
Imitasie/Nabootsing	X
12-maat-blues	
Drieslagmaat	
Membranofoon	X
Ritmiese ostinato	X
Rubato	
Swing	X
Improvisasie	X

Enige DRIE korrekte antwoorde = 3 punte

(3)

- 3.2 Dui DRIE items in KOLOM A aan wat jy assosieer met die musiek in Snit 8. Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies.

Antwoord:

KOLOM A	ANTWOORDE
Aksente	X
Akkoordsiklus	X
Penniefluitjie	
Akoestiese uitvoering	X
Kitaar	
Saamgestelde maatslag	
Kwêla	X
Bebop	

Enige DRIE korrekte antwoorde = 3 punte

(3)

- 3.3 Dui DRIE items in KOLOM A aan wat jy assosieer met die musiek in Snit 9. Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies.

Antwoord:

KOLOM A	ANTWOORDE
Cantabile	
Trioelfiguur ostinato	
Monofonies	X
Polifonies	
A cappella	X
Liggaamsperkussie	X
Tweeslagmaat	X
Presto	

Enige DRIE korrekte antwoorde = 3 punte

(3)

- 3.4 Kies DRIE beskrywings uit (a)–(d) en skryf neer wat jy hoor.

Antwoord:

(a) Klassifikasie van instrument	chordofoon/strykinstrument
(b) Prominente komposisietegniek	herhaling/ostinato
(c) Stemtipe	tenoor/umngqokolo/bariton
(d) Toonleer	pentatonies

*Enige DRIE korrekte antwoorde = 3 punte
By (c) geen punt vir 'manstem'*

(12 ÷ 3) (3)
[4]

Beantwoord VRAAG 4 (WKM) of VRAAG (JAZZ) of VRAAG 6 (IAM).**VRAAG 4: WKM**

4.1 Met watter stylperiode assosieer jy hierdie musiek?

Antwoord: Klassieke periode 1 punt (1)

4.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 4.1.

Antwoord:

- Gebalanseerde frases
- Duidelike kadenspunte
- Eenvoudige tekstuur (homofonies)
- Duidelike verskil tussen melodie en begeleiding
- Mozart/*Die Towerfluit*

Enige EEN korrekte antwoord = 1 punt (1)

4.3 Noem die perkussie-instrument/slaginstrument wat in hierdie uittreksel gebruik word.

Antwoord: 1 punt
glockenspiel/celesta/metallofoon (1)

4.4 Noem die karakters van die twee sangers in hierdie uittreksel.

Antwoord: (a) Pamina 1 punt
(b) Papageno 1 punt

Enige karakter kan eerste genoem word (2)

4.5 Watter TWEE van die volgende terme beskryf hierdie uittreksel? Maak 'n kruisie (X) in TWEE toepaslike blokkies.

Antwoord:

BESKRYWENDE TERME	ANTWOORDE
Lebhaft	
Cantabile	X
Scherzando	
Affettuoso	X
Stringendo	

2 x 1 = 2 punte (2)

4.6 Noem die tekstuur wat in ELK van die volgende uittreksels gebruik word.

Antwoord: Snit 13: Polifonies 1 punt
Snit 14: Homofonies 1 punt (2)

4.7 Identifiseer die genre in hierdie uittreksel.

Antwoord: Ouverture/Opera 1 punt (1)

4.8 Wat word deur hierdie karakter verteenwoordig?

Antwoord: Hoëpriester van Wysheid (Vrymesselaars)/ simbool van goedheid/kalmte/vrede/morele waardes/lig 1 punt (1)

4.9 Skryf die beskrywende titel van hierdie beweging neer.

Antwoord: *Dankbare gevoelens na die storm/Herderslied* 1 punt (1)

4.10 Watter TWEE solo-blaasinstrumente speel die melodie aan die begin van hierdie uittreksel?

Antwoord: Klarinet en (Franse) horing 2 punte (2)

4.11 Verduidelik TWEE maniere waarop hierdie uittreksel die beeld van die see sou kon beskryf.

Antwoord:

- Die eerste tema en melodiese lyne suggereer die welling van die golwe
- Die stuwing van crescendo's en decrescendo's verklank die beweging van die water
- Sforzando-akkoorde van die volle orkes suggereer die brekende golwe
- Mineur toonsoort suggereer die grys, onherbergsame seetoneel

Enige TWEE korrekte antwoorde = 2 punte (enige ander korrekte antwoorde wat musikale idees verbind met programmatiese elemente sal aanvaar word.) (2)

(16 ÷ 2) [8]

TOTAAL AFDELING B: 12

OF

VRAAG 5: JAZZ

5.1 Met watter styl assosieer jy hierdie musiek?

Antwoord: Kaapse jazz 1 punt (1)

5.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 5.1.

Antwoord:

- Vermenging van Afrika en swing elemente
- 'n Tipiese nasale saksofoonklank met vibrato/klankbuiging aan die einde van die frase
- Klassieke koraalmatige harmonie vermeng met 'n jazz-gevoel
- Sikliese akkoordprogressie ontleen aan marabi
- Robbie Jansen/*Robbie Bop*

Enige EEN korrekte antwoord = 1 punt (1)

5.3 Noem EEN membranofoon wat in hierdie uittreksel gebruik word.

Antwoord: snaartrom/tenoortrom/bastrom 1 punt (tromstel onaanvaarbaar) (1)

5.4 Watter TWEE items beskryf hierdie uittreksel? Maak 'n kruisie (X) in TWEE toepaslike blokkies.

Antwoord:

KOLOM A	ANTWOORDE
Roep en antwoord by saksofoon	
Inleiding deur ritmeseksie	X
Marabi- en kwêla-elemente	
Ostinato-bas	X
Jazz- en soul-elemente	X

2 x 1 = 2 punte (2)

5.5 Watter TWEE items beskryf hierdie uittreksel? Maak 'n kruisie (X) in TWEE toepaslike blokkies.

Antwoord:

BESKRYWENDE ITEMS	ANTWOORDE
Swing- en kwêla-elemente	X
Eenvoudige drieslagmaat	
Mbaqanga-kitaarinleiding	X
Scat-sang	
Rock- en kwêla-elemente	
Big band-styl-begeleiding	X

2 x 1 = 2 punte (2)

5.6 Noem die vroulike Afrika-jazz-sanger wat gewoonlik met hierdie lied geassosieer word.

Antwoord: Dolly Rathebe/Miriam Makeba/Thandi Klaasen/Abigail Kubheka

Enige EEN korrekte antwoord = 1 punt

(1)

5.7 Beskryf die rol van die kitaar in hierdie uittreksel.

Antwoord:

- Verskaf 'n kort solo inleiding (vingerpluk)
- Verskaf die ritmiese gevoel ('strumming')
- Verskaf die ritmiese voortstuwing
- Verskaf die Afrika perkussiewe toonkleur
- Verskaf die harmonie/akkoorde

Enige TWEE korrekte antwoorde = 2 punte

(2)

5.8 Identifiseer die blaasinstrument in ELK van die volgende uittreksels.

Antwoord:

Snit 23: saksofoon

Snit 24: klarinet/sopraansaksofoon

Snit 25: trompet

3 x 1 = 3 punte

(3)

5.9 Noem die tekstuurtipe wat in ELK van die volgende uittreksels gebruik word.

Antwoord:

Snit 26: Polifonies/Oorvleueling/Meervoudige lae

Snit 27: Homofonies/Melodie en begeleiding

2 x 1 = 2 punte

(2)

5.10 Met watter EEN van die solokunstenaars hieronder assosieer jy hierdie uittreksel? Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

Feya Faku	Moses Molelekwa	Spokes Mashiyane	Todd Matshikiza
-----------	-----------------	-----------------------------	-----------------

1 punt

(1)

(16 ÷ 2)

[8]

TOTAAL AFDELING B:

12

OF

VRAAG 6: IAM

6.1 Met watter styl assosieer jy hierdie musiek?

Antwoord: Isicathamiya 1 punt (1)

6.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 6.1.

Antwoord:

- TTBB/SATB
- Slegs manlike sangers
- Roep en antwoord
- Herhaling
- Krepitasie
- Ladysmith Black Mambazo/*Hello My Baby*

Enige TWEE korrekte antwoorde = 2 punte (2)

6.3 Watter TWEE items hou verband met die volgende uittreksel? Maak 'n kruisie (X) in TWEE toepaslike blokkies.

Antwoord:

BESKRYWENDE ITEMS	ANTWOORDE
Pentatonies	
Falsetto sang	
Eenvoudige tweeslagmaat	X
Majeur	X

TWEE korrekte antwoorde = 2 punte (2)

6.4 Identifiseer die chordofoon in hierdie uittreksel.

Antwoord: uhadi/umakhweyane/umrhubhe/lihadi/"mouth bow" 1 punt (1)

6.5 Watter TWEE van die volgende items beskryf hierdie uittreksel? Maak 'n kruisie (X) in TWEE toepaslike blokkies.

Antwoord:

BESKRYWENDE ITEMS	ANTWOORDE
Oorvleueling van stemme	X
Saamgestelde tydmaat	
A cappella	
Homofonies	
Kruisritmes	X

TWEE korrekte antwoorde = 2 punte (2)

6.6 Noem die stemtegniek wat deur die lae, donker stem gebruik word.

Antwoord: Umngqokolo/keelsang/botoonsang

1 punt

(1)

6.7 Met watter kunstenaar assosieer jy hierdie musiek?

Antwoord: Phuzekhemisi/Shwi/Khuzani/Izingane Zoma/
Igcokama Elisha

1 punt

(1)

Enige ander maskandi-kunstenaar sal aanvaar word

6.8 Beskryf die gebruik van lofdigte (ukubonga) in hierdie uittreksel.

Antwoord:

- Hoofdoel van die voordrag is om die uitvoerder voor te stel
- Om agtergrond oor die uitvoerder te verskaf deur te vertel van sy ervarings, familie en herkoms
- Trek die gehoor in die uitvoering in omdat net dié wat die konteks, simbole en klanke van umaskandi-leefwêreld verstaan, kan begryp wat aangaan

Enige TWEE korrekte antwoorde = 2 punte

(2)

6.9 Beskryf die tekstuur in hierdie uittreksel ná die instrumentale inleiding.

Antwoord: Roep en antwoord tussen solis en agtergrondsangers
Homofonies (melodie met begeleiding)

1 punt

(1)

6.10 Noem die stemtegniek wat deur die agtergrondsanger in hierdie uittreksel gebruik word.

Antwoord: Ululasie

1 punt

(1)

6.11 Identifiseer die aerofoon wat in hierdie uittreksel gebruik word.

Antwoord: Dinaka/Nanga

1 punt

(1)

6.12 Met watter EEN van die volgende danse assosieer jy hierdie uittreksel? Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

Indlamu	Mokhibo	Tshikona	Umxhentso
---------	---------	---------------------	-----------

1 punt

(1)

(16 ÷ 2)

[8]

TOTAAL AFDELING B: 12

AFDELING C: VORM

VRAAG 7

Study

Fernando Sor

Cadence X: Imperfect
Kadens X: *Onvolmaak*

Cadence Y: Perfect
Kadens Y: *Volmaak*

7.1 Noem die vormtipe van hierdie stuk.

<p>Antwoord: AB/AABB/Tweeledig</p> <p style="text-align: center;">A : : B : </p> <p>OF Afgeronde tweeledige</p> <p style="text-align: center;">A¹ A² : : B A² : = 1 punt</p>

(1)

- 7.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.1 deur 'n skematiese uitleg van die vorm van hierdie stuk te gee. Gebruik die tabel hieronder.

Antwoord:

Seksie	Maatnommers
A ✓	1–16 of 0^3-16^2 ✓
B ✓	17–32 of 16^3-32^2 ✓

OF

Seksie	Maatnommers
A (½)	1–8 of $0^3 - 8^2$ (½)
A (½)	9–16 of 8^3-16^2 (½)
B (½)	17–24 of $16^3 - 24^2$ (½)
A ² (½)	25–32 of $24^3 - 32^2$ (½)

OF

Seksie	Maatnommers
A ✓	1–16 of 0^3-16^2 ✓
B (½)	17–24 of $16^3 - 24^2$ (½)
A ² (½)	25–32 of $24^3 - 32^2$ (½)

EEN punt vir elke korrekte seksie = 2 punte

EEN punt vir elke seksie se korrekte maatnommers = 2 punte

(4)

- 7.3 Wat is die funksie van die F[#]-noot in maat 11?

Antwoord:

- Chromatiese noot
- Versiering tot die melodiese lyn
- (Chromatiese) deurgangsnoot

EEN korrekte antwoord = 1 punt

(1)

- 7.4 Noem die kadense wat X en Y gemerk is.

Antwoord:

- Kadens X: Onvolmaak
- Kadens Y: Volmaak

TWEE korrekte antwoorde = 2 punte

(2)
[8]

TOTAAL AFDELING C: 8
GROOTTOTAAL: 30